

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**NUWE REEKS**

**Nr. 34**

**DUITSE LETTERKUNDE AS STUDIEVAK  
AAN DIE UNIVERSITEIT**

deur

**PROF. J. A. E. LEUE**

**Intreerede by die aanvaarding van die Profesoraat in die  
Departement Duits,  
gelewer op 28 September 1966.**



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,  
PRETORIA  
1967**

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie  
vermeld word, is verkrygbaar by:

Van Schaik's Boekhandel (Edms.), Bpk.,  
Burnettstraat 1096,  
Hatfield,  
Pretoria.

**Prys R0.50.**

**REDAKSIEKOMITEE**

**Prof. dr. B. F. Nel** (*Voorsitter, Navorsings- en  
Publikasieskomitee*)

*Lede:* **Prof. dr. D. G. Haylett**  
**Prof. dr. G. Cronje**

*Die publikasie van hierdie reeks word moontlik  
gemaak deur fondse wat deur die Universiteit  
van Pretoria aan die Navorsings- en Publika-  
sieskomitee beskikbaar gestel word.*

**OUTEURSREG  
VOORBEHOU**

Meneer die Onder-kanselier, Lede van die Raad,

Meneer die Dekaan,

Geagte Kollegas,

Waarde Gaste en Toehoorders,

Die aanvaarding van 'n leerstoel in Duitse Taal en Letterkunde aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit dwing 'n mens opnuut tot rekenskap van die taak wat op jou rus.

Uit die getalle van die afgelope vyf jaar blyk dit dat van die totale aantal studente wat die graadkursus in Duits aan die Universiteit van Pretoria voltooi, 12% Duitssprekend is. Daar kan dus met 'n redelike mate van sekerheid aangeneem word dat 88% van die studente wat 'n derdejaarskursus in Duits aflê, Afrikaanssprekend is.

Dit spreek dus vanself dat daar 'n verskil sal wees in die benadering van die vak aan 'n Duitse universiteit en aan 'n Afrikaanse universiteit.

Dit is met hierdie gedagtes voor oë dat ek u graag vanaand wil toespreek oor:

#### DUITSE LETTERKUNDE AS STUDIE- VAK AAN DIE UNIVERSITEIT.

Aangesien ek my in my betoog hoofsaaklik by verskillende aspekte in verband met die dosering van letterkunde gaan bepaal, wil ek tog aan die begin wys op die noue verband wat daar bestaan tussen taal en letterkunde.

Wanneer die student besluit om 'n kursus in Duits te volg aan die universiteit, kan meestal met sekerheid aangeneem word dat hy hom reeds ten minste vier jaar besig gehou het met die aanleer van die Duitse taal en oor die vermoë beskik om dit redelik goed te kan verstaan en te kan skryf.

Terloops wil ek graag die wenslikheid uitspreek vir 'n groter mate van taalvaardigheid by die leerling aan wie 'n universiteitstoelatingsertifikaat toegeken word. Dit is belangrik dat hy nie net bevoeg moet wees om te memoriseer en weer te gee nie, maar oor die vermoë en vrymoedigheid moet beskik om die taal selfstandig te kan skryf, al spreek dit nie van ingewikkelde stilistiese konstruksie nie. Daarop kan dan in elk geval met vrug voortgebou word aan die universiteit. Die

student wat nie hiertoe in staat is nie, sal altyd 'n opdraande stryd voer, aangesien die taal die werktuig is om sy gedagtes en begrippe uit te druk. In die moderne grammatika-onderwys word dikwels gepoog om die engere verband tussen die bou en die inhoud van die taal aan te toon.

Die taalonderwys gee rigting aan deurdat dit die leerlinge deur die woord voorsien van geldige ervarings-, aanskouings- en denkvorme, kernbegrippe en grondbeginsels. Die grammatika berei die weg voor vir die verklaring van die geskrewe woord, en die funksionele grammatika word die eerste stap tot interpretasie.

„Vir wie geen oor vir die musikale bekoring van die taal het nie, het 'n swak geskrewe koerantartikel net soveel waarde soos die skoonste letterkundige skepping.” (W. Schneider: *Liebe zum deutschen Gedicht*, Freiburg<sup>2</sup> 1954).

Vaardigheid om die Duitse taal te verstaan en te gebruik, ontsluit vir die student 'n nuwe wêreld. Deur kennismaking met die Duitse literatuur belewe die jong mens 'n verstandelik-geestelike verryking en verdieping. Watter rykdom en oorvloed aan kennis word hier nie ontsluit nie! want Duits is die taal van Goethe en Schiller, Kant en Hegel, Mozart en Beethoven — om maar enkele groot, wêreldbekende Duitsers te noem.

Die onskatbare waarde wat 'n studie van verskillende tale, hetsy klassiek of modern, onderling het, spreek eintlik vanself. Dit is daarom te betreur dat baie van ons hoërskool- en onderwysowerhede nie genoegsaam voorstanders is van die leer van ten minste 'n derde taal op skool nie, en dus veroorsaak dat die intelligente student later in sy lewe kosbare tyd verspil aan dinge wat hy reeds in sy skooljare kon bemeester het. Die feit dat daar aan universiteite voorsiening gemaak moet word vir beginnerskorsusse in o.a. Duits, Frans en Latyn, en dat baie van die studente wat hierdie kursusse volg, reeds taamlik gevorderd is, is 'n duidelike bewys van die behoefte aan sodanige kennis.

Uit die aard van die saak is dit egter nie die taak van die universiteit om direkte taalonderrig (soos aan 'n hoërskool gegee word) te verskaf nie. Waarmee wel deeglik rekening gehou moet word, is die studie van die taalkunde. Die dosering van die taalkunde en sy plek naas letterkunde aan die universiteit dek op sigself 'n baie breë veld, en dit is nie my bedoeling om

hier daarop in te gaan nie. Dit is egter nodig om daarop te wys dat wie gevorderde studie in 'n taal doen, al sou hy die letterkunde as spesiale rigting kies, homself nie as volwaardig gekwalifiseer kan beskou sonder deeglike kennis van die taalkunde nie.

Dit sal hier nie onvanpas wees om te wys op die noue verband wat die studie van die Duitse letterkunde hou met ander vakke wat aan die universiteit bestudeer word nie.

'n Mens kan jou nie toelê op die geesteswetenskappe sonder kennis van ons Westerse kultuur en sonder om deur te dring tot die filosofiese agtergrond van jou eie vakgebied nie. Een of ander tyd gedurende jou studiejare behoort 'n mens vertrouwd te raak daarmee. Groot Duitse digters, soos o.a. Goethe en Schiller, was ook groot denkers. Om hulle werklik te begryp, sowel as die strominge van hulle tyd, sonder 'n kennis van die wysbegeerte, is ondenkbaar. Net so onontbeerlik kan dit beskou word vir die verbreding van die begrip van die student wat hom op die Duitse letterkunde toelê, om op hoogte te wees met wat die geskiedenis en die kunsgeskiedenis leer. Dit is byna onmoontlik om die naturalisme of die ekspressionisme in die Duitse letterkunde te verstaan sonder kennis van die kunsgeskiedenis.

Met inagneming van die noue verbondenheid wat daar tussen die letterkunde en verskillende ander rigtings bestaan, kan 'n grondige kennis van die literatuurgeskiedenis lei tot 'n historiese begrip van die eie tyd deur 'n uiteensetting van die groot werke en tydperke van die verlede. 'n Studie van die werke van die Duitse letterkunde behoort eerbied vir die lewe en die groot skeppinge van die Westerse kultuur te kweek.

Werner Richter wys daarop dat in die toekomst, soos dit vir hom voorkom, die universiteite die regverdiging vir hulle bestaan nie meer slegs in die aanbidding en sukses van die afsonderlike vakke (Einzelfächer) sal kan vind nie. Die vraag behoort oral gestel te word wat elke vak binne die raamwerk van die uiteindelijke doelstellings van die universiteit en binne die kultuursamestelling van die betrokke volk en die Westerse mens beteken.

Verder moet die universiteit sy vormende kragte (Gestaltungskräfte) nie net uit die stof wat hy put uit die verlede en die hede ontvou en ontwikkel nie, maar moet

ook die leiding neem en nuwe kulturele doelstellings aantoon.

Aan die universiteite van die wêreld behoort die opdrag gestel te word om die gemeenskaplike Europese kultuurbesit te herontdek en verlamende gedagtes aan ondergang te oorwin deur opnuut 'n Europese kultuurbewussyn en 'n gemeenskaplike kultuurstrewe daar te stel.

Daar word soms spottenderwys beweer dat dit nog nie aan die universiteit rugbaar geword het dat die boekdrukkuns reeds 500 jaar gelede uitgevind is nie . . . dit wat die professore verkondig, kan 'n mens baie makliker uit boeke leer. Daarby kom nog die beskuldiging dat nie elke dosent sy leerstof aanskoulik kan voordra nie.

Tog bly dit 'n feit dat dosente hulle persoonlike standpunt baie duideliker stel in lesings as in boeke, en lesings is dus vandag ook nog geregverdig, nuttig en nodig — afgesien van die feit dat daar in die meeste gevalle vir die student besieling uitgaan van die persoonlike kennismaking met die dosent, sy insig en ervaring.

Die dosering van 'n vak aan 'n universiteit stel verskillende eise aan die leermeester. Die taak wat in die eerste plek aan hom opgedra word, is sy verantwoordelikheid teenoor die student, en uit die aard van die saak is dit 'n opvoedkundige plig. Prof. Theo Herbertz (Aachen) sê in die *Rheinischer Merkur* (29 Okt. 1963): „Im Vordergrund muss die Lehre stehen” — van die grootste belang moet die onderrig wees. In die Duitse taal word 'n professor 'n *Hochschullehrer* genoem en nie 'n *Hochschulforscher* nie. (Hochschule = universiteit). Sy primêre taak aan 'n universiteit is 'n vormingsopdrag (Bildungsaufgabe). Dit wil egter nie sê dat dit sy enigste opdrag is nie. Hy kan hierdie taak net bemeester as hy self gedurig na die waarheid soek, nuwe moontlikhede raaksien en tred hou met moderne ontwikkelinge ten opsigte van sy vakgebied. Dit is dus terselfdertyd die plig van 'n dosent om na te vors, maar nooit behoort hierdie navorsing die uitsluitlike doel te wees en die ander sy van die taak te oorskadu nie.

As 'n hoogleraar op die gebied van die navorsing suksesse behaal wat gelykstaande is met dié van die persoon wat hom slegs op navorsing toespits — of dit selfs oortref, is dit lofwaardig, maar dit is uiters onaangenaam en selfs laakbaar as hy sy plig teenoor sy studente moet ver-

saak om — en dit sonder om die voortreflikheid van die resultate uit die oog te verloor — hom uitsluitlik aan navorsing te kan wy.

By die dosering van 'n vreemde taal soos Duits, soos dit trouens in die geval van elke vak is, behoort daar in die eerste plek die regte kontak te wees tussen die dosent en sy gehoor. Dit behoort verder nie uit die oog verloor te word dat daar dikwels 'n kloof bestaan tussen die Professor en die student nie. Prof. dr. T. Spoerri wys in sy rede „Die geschichtliche Aufgabe der Hochschule” (Bonn, 1952) daarop dat 'n mens net die vraag hoef te stel: „Wat lees die professore en studente vandag? In watter musiek stel hulle belang?” en uit die antwoorde sal die kloof dadelik duidelik wees. Ook die ouer generasie leef in 'n moderne wêreld waarin daar baie dinge is wat nuut bygekome het. Vir die jeug is die nuwe egter 'n inherente deel van hulle wese — „Wir haben das Neue im Gehirn, sie haben es in den Knochen.” (Ons — die ouer geslag — beheers die moderne dinge met ons verstand; hulle — die jeug — het dit in hulle bloed.)

By dit alles moet daarmee rekening gehou word dat die student 'n ontwikkelingsproses moet deurgaang — uit 'n skolier moet hy ontwikkel tot 'n student wat nie net 'n gevorderde skolier is wat vlytig aantekeninge afneem, maar nie tot geestelike selfstandigheid of 'n eie oordeel ontwikkel nie — dat 'n student deur inskrywing, *de jure*, 'n akademiese burger of burgeres is, maar nie *de facto* — volgens die wese — nie. Die hele struktuur van sy persoonlikheid moet verander, sodat hy hom by die nuwe lewenswyse kan aanpas.

Studie beteken vir die student in die eerste plek oriëntering en verbreding van insig — om te ervaar, „wie weit gespannt die Wissenschaft ist” (hoe wyd die veld van die wetenskap waarlik is). Nie net ensiklopedistiese kennis is belangrik nie. Hy behoort iets te ervaar van die atmosfeer van ander vakgebiede — hoe hulle soms in mekaar vleg en van mekaar afhanklik is.

Al gou sal dit duidelik word dat „die Wissenschaft ist nie am Ziel, sie ist immer unterwegs.” As die student werklik akademikus wil wees, moet hy verder belangstel, en sal hy tot die oortuiging kom dat met die voltooiing van die akademiese eksamen

die studieproses nie afgehandel is nie, maar dat 'n mens altyd met die ontwikkelende wetenskap moet tred hou deur middel van vaktydskrifte, wetenskaplike lesings, opknappingskursusse, omgang met wetenskaplikes ens.

Daar behoort egter nie uit die oog verloor te word dat die gebruik van wetenskaplike werke geleer moet word nie. Die student wat wil vooruitkom, sal gou beseef dat hy nie net op die lesings van die dosent moet staatmaak nie, maar dat die kennismaking met bronne wat die biblioteek bied op sigself al 'n studie is wat ernstige aandag verg. Dit is van die uiterste belang dat die student so gou moontlik vertrou raak met die belangrikste naslaanwerke, tydskrifte, woordeboeke (Literaturlexika, Sachwörterbücher, Literaturgeschichten, ens.), sodat hy die biblioteek as sy laboratorium beskou, wat onontbeerlik is vir die uitbreiding van sy kennis.

Dit spreek vanself dat nie elke student oor die vermoë beskik om 'n letterkundige kritikus te word nie. Deur kennis te maak met die verskillende menings en bevindinge en hulle teen mekaar op te weeg, behoort die suksesvolle student nie altyd net tevrede te wees met die opinie of beoordeling betreffende 'n literêre werk deur sy professor nie. Studie behoort vir hom gedurig 'n oproep tot kritiek te wees.

Deur hierdie aktiewe kritiese houding te openbaar, kan hy ontwikkel tot 'n werklike akademikus, d.w.s. 'n persoon wat ook nie radeloos staan teenoor nuwe ontwikkelinge en omstandighede wat daar in die wetenskap en die lewe ontstaan, net omdat hy vir hierdie gevalle geen resepe geleer het nie, maar wat deur sy geoefende kritiese oordeelsvermoë elke nuwe situasie die hoof sal kan bied. Net op hierdie manier, deur die vrye, kritiese, selfwerk same houding word die sterk geestelike karakter gevorm wat in staat is tot verantwoordelike optrede. („Vom Abiturienten zum Studenten”).

Die studie van die Duitse letterkunde, net soos dié van ander letterkundes, sal reeds heel in die begin allerlei probleme oplever vir die student. Daar kan oor die algemeen aangeneem word dat die meeste van die studente wat inskryf vir 'n kursus in Duits hulle tot dusver daarop toegelê het om die gedagtegang wat in 'n werk vervat is, te verstaan. Om die inhoud van 'n werk kort saam te vat en die essensiële

weer te gee, m.a.w. om verslag te doen van die inhoud, is reeds belangrik vir 'n student in 'n vreemde taal.

Met hierdie eenvoudige berigging kan egter nie volstaan word nie; dit sou ook in hierdie stadium 'n veels te beskeie opdrag wees. Die student moet gelei word tot waardebeplanning ten opsigte van die kunswerk: hy moet verklaar en desnoods ook aan die hand van voorbeelde verduidelik — só leer hy om kommentaar te lewer.

Die volgende stap ontwikkel hierna op 'n natuurlike wyse. Daar word 'n standpunt ingeneem teenoor die werk — dit word krities getoets aan die eie ervaring en insig; die voor en teen word oorweeg — daar word m.a.w. geargumenteer en op hierdie wyse word tot 'n gevolgtrekking geraak. Die problematiek van letterkundige beoordeling sal sy verskyning maak en die student sal ontdek dat hier 'n geweldige studieveld voor hom lê.

In die eerste plek sal die verskillende opvattinge oor wat 'n kunswerk werklik is, hulle aan hom opdring.

Ulshöfer stel bv. die volgende eise aan „Das Sprachkunstwerk” (die letterkundige kunswerk): „Die kunswerk behoort die stoflike, innerlike en geestelike strukture van die syn in hulle onderlinge verbondenheid in absolute sin sigbaar te laat word. (Hierdie strukture geld vir alle gebiede — vir die sedelike en die sosiale sowel as vir dié van die kuns)”. (Der Deutschunterricht — Jg. 12, 1960, Heft 1, S.45).

Die simbolies-funksionele beoordeling (d.w.s. karakters, taal, inhoud, bou van die kunswerk word slegs beoordeel volgens die verband wat hulle met die geheel hou) stel hom ten doel om die letterkundige kunswerk net soos die grammatika as geestelike organisme, as weergawe en sinnebeeld van die wesenlike bestaan te dui.

Vir Wolfgang Kayser lê die beoordeling in die interpretasie opgesluit . . . en volgens hom is dit die doel van die interpretasie om al die elemente wat meewerk tot die vorming van die geheelbeeld in hulle onderlinge verbondenheid bloot te lê.

Friedrich Kainz (in sy opstel „Zur Frage der literarischen Wertung” in Wiener Echo, Jg. I, 1948, H.I, S 1-3) stel die volgende eise:

1. Taalbeheersing.
2. Eenheid (Einheitlichkeit).

3. Verwesenliking (Erreichung) van die grondgedagte: Elke werk moet die grondgedagte wat aangedui word ook inderdaad deurvoer — en moet dit onder geen omstandighede weerspreek nie (S.21).

4. Iets nuuts of oorspronklike, d.w.s. voortsetting van die positiewe tendense van die heersende tradisie, terwyl die eie skeppende aard ten volle bewaar word.

5. 'n Diep-menslike sin of betekenis (Menschliche Bedeutungsfülle). Hierdie eis erken Kainz egter slegs as beoordelingsmaatstaf in sover as die uitbeelding as oortuigend beskou kan word.

So kan nog die menings, standpunte en maatstawwe van etlike letterkundige kritici aangehaal word. Hieruit volg natuurlik dat van letterkundige beoordeling nie op dieselfde wyse gepraat kan word as van 'n eksakte wetenskap nie (vgl. Meyers Handbuch über die Literatur). Dit bly 'n onbegonne taak om vaste norme vir die waardebeplanning van 'n kunswerk daar te stel. Die beginsel wat egter ten grondslag lê van al hierdie beskouinge is dat beoordeling 'n oordeel is oor die kwaliteit.

Reeds die belangstellende leser beoordeel die inhoud (Gehalt) van 'n werk. Of die vorm, die kunsskoonheid ook normaalweg hierby ingesluit word, bly 'n vraag. Daar vind egter *altyd* 'n oordeel plaas. Die bewering „ek hou daarvan” of „ek hou nie daarvan nie”, is bv. genoegsame bewys daarvoor. As 'n mens die onderhoudende (Unterhaltungseffekt) volkome buite rekening wil laat, kan dit as blote snobisme beskou word. Selfs by werke van groot literêre waarde is 'n naïewe oordeel moontlik.

'n Vraag wat dikwels gestel word, is: „Kan 'n mens kritiek uitoefen oor 'n letterkundige werk sonder dat jy in staat is om self iets beters te skeep?” As antwoord op hierdie vraag geld die Karl May-sitaat: „Man muss nicht unbedingt Kunstschütze sein um zu merken ob jemand ins Schwarze getroffen hat,” ('n Mens hoef nie noodwendig self kunsskut te wees om vas te stel of iemand die kol getref het nie.)

Daar behoort altyd voor oë gehou te word dat „beoordeling nie slegs weergawe van die subjektiewe waardebeleving is nie, maar veel meer die motivering (Begründung) daarvan deur die waarderende begrip van die objektiewe gebeure van die werk.”

Die maatstawwe wat toegepas word by die beoordeling van 'n literêre kunswerk is dikwels uiteenlopend of eensydig; soms kruis die oordele mekaar.

In die geval van Goethe se „Götz von Berlichingen” het buite-estetiese faktore by die ontvangs en beoordeling bv. 'n groot rol gespeel, en 'n studie hiervan lewer interessante gesigspunte op.

Die Rousseause beskouing t.o.v. die natuur, patriotiese besieling, die nasionale en vryheidsbewussyn van die jong geslag het invloed uitgeoefen op die beoordeling. Nie soseer die estetiese waarde van die stuk het 'n groot uitwerking gehad nie, maar die nasionale strekking van die onderwerp — „der echte deutsche Grund und Boden, das Freiheitsbewusstsein Götzens”. Die gekompliseerde verwikkeling van estetiese met buite-estetiese beoordelingskategorieë word duidelik sigbaar. Die vraag is selfs gestel of — in die geval van 'n kunswerk — die patriotiese beoordeling wat sonder twyfel 'n buite-estetiese kriterium is, doelbewus buite rekening gelaat moet word. Dit bly egter geldig vir alle tye dat waar die historiese 'n inherente deel van die kunswerk vorm met die besliste bedoeling van die skrywer, dit nie verwerp behoort te word nie.

Vir die student sal dit duidelik word dat daar by die studie van letterkunde gedurig probleme opduik. 'n Objektiewe benadering sal hom leer om te onderskei tussen populêre ontspanningsliteratuur wat sonder twyfel ook binne die gebied van die wetenskaplike beskouing val, en die letterkundige kunswerk. Hy sal sy eise by die beoordeling stel en heelwaarskynlik tot die slotsom kom dat o.a.:

1. die werk as kunswerk beplan moet wees, en die doel nie slegs die uitwerking wat dit op die leser sal hê nie, sy dit die onderhoudende, 'n middel om 'n ideologie te propageer of 'n sedeles;
2. dit reg moet laat geskied aan die stof wat behandel word, en
3. 'n diepere sin moet hê en insiggewend moet wees.

Die blote sukses waarop 'n werk by sy verskyning kan boog, is geen letterkunde maatstaf nie — nóg positief, nóg negatief. Dit is slegs as sosiologiese verskynsel betekenisvol.

Literatuur word nie beoordeel volgens die inhoud of die standpunt wat daar ten opsigte van sekere sake ingeneem word

nie, maar volgens die kunswaarde van die werk, want dit is letterkunde wat hier ter sprake is. Dit spreek vanself dat die kwesie van die vorm eweveel aandag verg. Die woorde van Goethe wat so dikwels reeds aangehaal is, geld vandag ook nog: „Den Stoff sieht jedermann vor sich, den Gehalt findet nur, wer etwas dazuzutun hat und die Form ist ein Geheimnis den meisten.” (Die stof wat behandel word, is vir elkeen toeganklik, die innerlike waarde begryp net wie iets daarby kan voeg, en die vorm bly vir die meeste 'n geheim) — of 'n bietjie kernagtiger gestel, en meer met betrekking tot die kunstenaar self: „Gemüt hat jedermann, Naturell manche, Kunstbegriffe sind selten”. (Diepte van gevoel het elkeen, natuurlike aanleg baie, kunsbegrip is iets seldsaams).

'n Werk behoort dus steeds as 'n eenheid benader te word — die beoordeling van die inhoud moet hand aan hand gaan met die beskouing oor die vorm. Daar moet egter gewaak word teen die ander uiterste! „Die nuwerwetse neiging waarvolgens die vorm alles is; liefde en gevoel, houding en invloed, wêreldbeeld en wysheid van die skrywer niks, is net van toepassing op werke as 'n mens bereid is om af te sien van 'n groot deel van die Europese letterkunde — van Dickens en Balzac bv., van Dostojewski en Fontane. Sou ons hulle kon ontbeer?” (R. W. Leonhart: „Gehört Hermann Hesse zur deutschen Gegenwartsliteratur?” Zeit Nr. 33, 17 Aug. 1962).

Interessantheidshalwe kan hier gewys word op 'n moderne ontwikkeling in die „wyse waarop 'n roman gemaak” word (Roman-Mache). Daar is nie een skrywer nie, maar 'n span ( 'n *Team*, soos hulle dit in Duitsland noem) wat uit spesialiste bestaan wat presies weet waarmee hulle op hulle eie gebied sukses sal behaal by die publiek. Dit vorm dan die kern van die roman en dit is dan die enigste gesigspunt van belang. Van kuns is daar in die meeste gevalle hoegenaamd geen sprake nie.

Vir die student behoort letterkundige werke 'n openbaring van kultuurontwikkeling te wees as hy hulle in 'n groter stylverband sien. Daar moet egter altyd gewaak word teen 'n te groot intellektualisering van die letterkunde.

Die veld wat deur die Duitse literatuurgeskiedenis gedek word, is baie wyd, en in sy behandeling van die groot werke en

tydperke van die verlede is die dosent dikwels verplig om hom tot die belangrikste feite in verband met 'n skrywer en sy werke te beperk. Dit bly egter van primêre belang dat hy altyd op hoogte moet bly met die moderne letterkunde en steeds die aandag in sy lesings daarop moet vestig deur besprekings en deur verwysing daarna.

'n Oordeelkundige keuse uit die werke van die hedendaagse skrywers stel die dosent in staat om die jong student gaandeweg 'n inleiding te bied tot die moderne Duitse letterkunde. Die studente wat gevorder het tot die derdejaarskursus in Duits en veral diegene wat hulle op na-graadse werk toespits, is egter eers bevoeg om die verskillende aspekte daarvan werklik te verstaan en op 'n gesonde wyse te benader.

Die wyse waarop elke letterkundige kunsoort (genre) hom aan die student ontvou, bied op sigself weer 'n groot studieveld.

Herbert Seidler wys in sy werk „Die Dichtung” (Alfred Kröner Verlag, Stuttgart 1959, bls. 345) daarop dat aan wat skynbaar dieselfde woord is, in die een taal heeltemal 'n verskillende betekenis geheg word as in 'n ander. Hy tref 'n vergelyking tussen die Engelse en Duitse benaminge:

„Das deutsche Wort *Lyrik* fasst einen grossen Bereich zusammen in deutlicher Entgegenstellung zu *Epik* und *Dramatik*, das englische *lyric* hebt mehr einen bestimmten inneren Gehalt heraus. *Dichtung* umfasst im Deutschen auch Prosa, z.B. den ‚Werther’ oder den ‚Grünen Heinrich’. Englisch *poetry* gilt nur für Versdichtung. Das Wort *fiction* fehlt dem Deutschen als Sammelname für moderne epische Gestaltung. Die Einführung des Ausdrucks in die Fachsprache der deutschen Poetik gibt wie wir sehen werden, zu Bedenken Anlass. Englisch *novel* bedeutet *Roman*; den Ausdruck *Novelle* kennt der Engländer nicht, denn *short story* ist nicht *Novelle*; der deutsche Ausdruck *Kurzgeschichte* ist eine Lehnübersetzung. Alle diese Überschneidungen, vor allem auch die Tatsache dasz die Einteilung Lyrik — Epik — Dramatik im Englischen nicht genau wiedergegeben werden kann, zeigen: Die geistige Gliederung aller Bereiche der Dichtung ist in den zwei Sprachen verschieden, damit auch die ordnende Sicht auf alle Gebiete der Dichtung.”

Al hierdie fyn verskille en oorvleuelings, en veral ook omdat die indeling Liriek — Epiek — Dramatiek in bv. Engels verskil van die Duitse, toon duidelik dat die formele, beredeneerde indeling van alle vertakkinge van die letterkunde in die twee betrokke tale verskillend is en daarmee ook 'n ordenende oorsig oor alle gebiede van die letterkunde.

Vir die persoon wat nog nie letterkundig goed onderlê is nie, bied die kortverhaal 'n uitmuntende voorbeeld van 'n letterkundige soort wat met veel vrug bestudeer kan word. Dit is 'n mikrokosmos waarvan die kunsvorm maklik verstaanbaar is en gevolglik 'n weg baan tot die begrip van die meer ingewikkelde makrokosmos van groter letterkundige kunswerke.

Die bou van die kortverhaal is sodanig dat alles, reeds al die titel, ingestel is op die kerngedagte wat daardeur oorgedra word. Dit bied 'n klein, sinryke lewensfragment wat onmiddellik daargestel word en wat dikwels versterk word deur 'n verrassende wending waardeur die kortverhaal net so plotseling tot die einde kom.

By die analise van die kortverhaal moet egter gewaak word teen doellose uitmekaarpluk sonder die nodige verklaring. As dit op die regte manier begryp word, is dit uiters geskik om binne 'n baie kort bestek diepte van betekenis en 'n belangrike kyk op die lewe te gee. Die moderne Duitse kortverhaal gee ons 'n insig in die nood van ons tyd — 'n tyd wat dikwels leeg is aan liefde.

Die vraag ontstaan of letterkundige kunswerke wat uit twyfel gebore is, wat skok deur eksistensiële vrae te berde te bring sonder om ook 'n oplossing aan te bied, nie ook gevare inhou nie. Moet 'n mens net die positiewe en mooie aanbied? Ons het hier *tog* met egte letterkunde te doen as ons dit sien as daarstelling en uitbeelding van die werklikheid.

Deur te verwys na die kunseienskappe van hierdie prosavorm kan die oë geopen word vir die geheime taal van dié dinge — beelde, gebare, waardes, waaruit elke letterkundige kunswerk sy innerlike lewe skep.

Die bestudering van die kortverhaal lei tot ander gebiede van die prosakuns, nl. die roman en die novelle. Ook hier word nuwe studievelds ontvou. Afgesien van die ontwikkelingsgeskiedenis van die roman is daar die studie van die breedvoerige



uitbeelding van lotgevalle en handeling wat mekaar soms kruis; die uitbeelding in breë trekke — soms weer in fyne besonderhede, van karakter, milieu en tyd.

Dit prikkel onwillekeurig tot vergelyking met die novelle wat 'n enkelvoudige, volgehoue tema behandel — een hoofpersoon of 'n enger kring persone uitbeeld, sowel as 'n buitengewone gebeurtenis. Op hierdie gebied sal die student kennis maak met die ontwikkeling van die teorieë i.v.m. die novelle in Duitsland en 'n hele reeks wetenskaplike werke en navorsing. 'n Oorsig hieroor, of soos Benno von Wiese dit noem, „die Ausbreitung des novellistischen Erzählens,” sal hom leer onderskei tussen o.a. die novelle van Goethe, dié van die romantiek en die realisme sowel as van die moderne tyd. Tereg wys Benno von Wiese daarop dat „die Abgrenzungen zu benachbarten Formen wie Erzählung überhaupt, Anekdote, Kurzgeschichte, Skizze, Märchen, Ballade und Drama können nicht grundsätzliche Geltung beanspruchen.” (Benno von Wiese, „Novelle”, J. B. Metzlersche Verlagsbuchhandlung, Stuttgart 1963, S. 12). Hy is veral daarteen gekant om 'n alles-omvattende definisie van 'n novelle te probeer gee — hoe graag die „studerende” dit ook byderhand sou wou hê.

'n Ondersoek wat die inhoud en taal betref, kan by albei genres reeds die prinsipiële feite oor die innerlike houding van die skrywers tot die stof openbaar. Dit kan verder lig werp op die verskil tussen die beskrywende en die verhalende, op woordeskaf, sinsbou, konstruksie (Gliederung), innerlike struktuur, spanning.

'n Vergelyking tussen die novelle en die ballade sal weer toon dat ook hier 'n mate van ooreenkoms bestaan, nie noodwendig in die uiterlik nie, maar wel wat die inherente eienskappe betref.

*Liriek:* Dit spreek vanself dat ook die liriek tot sy reg moet kom deur planmatige en deeglike behandeling, en net soos by die ander letterkundige genres is dit belangrik dat daar voeling gehou moet word met die hedendaagse liriek, hoewel die begryp daarvan ook heelwat probleme inhou. Die beskouing van W. Ross (Der Deutschunterricht — 1958: Zur Wertung moderner Lyrik), toon taamlik duidelik aan watter moeilikhede 'n mens mee te kampe kry: „Die hedendaagse liriek is as sodanig reeds problematies, skokkend as gevolg van die moderne inhoud en taal-

forme; aantreklik deur die bekoring wat veroorsaak word deur die behandeling van die aktuele, maar daarbenewens word die beoordeling bemoeilik deur die verband wat dit het met verskillende dinge, bv. die standpunt wat die beoordelaar huldig t.o.v. die liriek (Parteinahme), die uitmondig van die liriese in die filosofie of die teologie bv. — of selfs biologiese bespieëlinge.”

Die vraag ontstaan, volgens Ross, of 'n mens jou moet hou by Carossa, Hermann Hesse, Bergengrün, Reinhold Schneider, Rudolf Alexander Schröder, by die ongeëerde wêreld (die heile Welt) — of skaar 'n mens jou aan die kant van die „nihilis” Gottfried Benn en selfs aan dié van die moderne voorhoede: Eich, Krolow, Ingeborg Bachmann? Hoe is dit gesteld met Brecht, die bekroonde digter van 'n lewensorde wat totaal vreemd is aan ons aard? (W. Ross, Deutschunterricht 1958, Heft 5).

*Drama:* Op die gebied van die drama is die benadering ook weer anders. In sy „Vorrede zur Farbenlehre” sê Goethe dat 'n goeie teaterstuk beswaarlik halfpad tot sy reg kom op papier — die grootste deel word veeleer aan die glans van die verhoog, die persoonlikheid van die toneelspeler, sy bewegings, ja, selfs aan die gesindheid (Geist) en die goeie stemming van die toeskouer oorgelaat”. (Die teater staan nie in diens van die letterkunde nie; hy skep uit die beskikbare voorraad geskikte stof selfstandige kunswerke, en tot hierdie voorraad behoort o.a. die letterkunde.)

Aangesien die drama by die studie van die Duitse letterkunde hoofsaaklik uit die standpunt van die letterkundige beskou word, is die teks hoofsaak vir die begrip en beoordeling — die woord is belangrik. Hoewel die toneelspeler ook die teks dien, is die tegniese samestelling nodig vir die sukses van die drama as kunswerk.

Soos algemeen bekend, word onder *drama* verstaan die „oervorm van die digkuns wat met die Griekse woord vir *drama* sy oorsprong aantoon: *dran* — handel uit eie beslissing” (Bruno Snell) of met die woorde van Orestos in Aeschylos: „ti draso?” (Was soll ich tun? — Wat staan my te doen?). Die letterkundige kunsvorm wat met hierdie vraag as kern in die behoefte van die verhoog voorsien, is die drama.

'n Deeglike studie van die drama van

die groot Duitse klassieke skrywers (Lesing, Goethe, Schiller e.a.) met sy kultuur-historiese samehang bied 'n sterk agtergrond vir elke student, d.w.s. die historiese drama met sy hoë sedelike idee, die diep-tragiese noodlot, die grootse held (Einzelmenschen) en die skoonheid van die gestileerde taal en die klinkende vers.

Die naturalistiese drama beeld die lewe uit in sy naaktheid en brutaliteit; dit toon die mens as slaaf van sy hartstogte, as deursneemings wat deel is van die alledaagse sleur — die menslike lewe sonder ontwikkeling en 'n hoër doel.

As reaksie teen die naturalisme ontwikkel die nieu-romantiese drama — hier is die mens nie meer 'n produk van dryfvere en omgewingsinvloede nie, maar het in sy bestaan langs die instinkmatige en die omgewingsinvloede ook 'n gebied van die vryheid waar gees en siel tot sy reg kom. Die menslike handeling staan in die polariteit van die vryheid en gebondenheid onder die wet van 'n hoër orde.

Die ekspressionistiese drama vorm, met sy nuwe mensebeeld (die aktiewe mens in stryd met die slegte werklikheid) 'n teenstelling met die naturalistiese teater — 'n reaksie op die skok van die Eerste Wêreldoorlog. Die ekspressionistiese drama stel hom nie ten doel om die mens na die werklikheid uit te beeld, of as behorende tot 'n sekere milieu nie, maar wil eerder die mens as sodanig uitbeeld. Die karakters het iets abstraks of sinnebeeldigs om probleem- en ideë-inhoud daar te stel.

Dit bring ons tot die moderne drama, en hier is dit uiters belangrik dat daar kennis gemaak word met o.a. die teorieë van die teater van Brecht. Onkunde i.v.m. begrippe soos „episches Theater“, „nicht-aristotelisches Drama“ of „V-Effekt“ en ander tiperende terme uit die teoretiese van Brecht, veroorsaak dat baie van die hedendaagse dramaskrywers nie verstaan kan word nie.

By die bestudering van die Duitse drama van die teenswoordige tyd sal daar heelwat probleme opduik. Die student sal heel gou vasstel dat die „heldebegrip“ ingrypende veranderings ondergaan het. Volgens Joachim Kaiser behoort ons te vra „watter werklik verantwoordelike beslissings deur moderne helde gevel kan word, of — in verband met hulle lotsbeskikking kan val.“

Hy wys verder daarop dat die held in die drama wat handel oor die atoomnavor-

sing net ten dele 'n individu is (gehört nur zum Teil sich selbst). 'n Ander, miskien ewe groot deel van sy persoonlikheid bly anoniem. Sy gewetenbesware het 'n „romantiese, hinderlike“ uitwerking — as hy nie wil saamwerk nie, kan dit maar net kosbare tydverlies beteken, want daar is spanne wetenskaplikes wat saamwerk — 'n „Stand der Forschung“.

Kennismaking met die moderne drama kan by die student die vraag laat ontstaan of die drama weer sy ou hoogtes kan bereik deur 'n realistiese weerspieëling te word van wat daagliks om ons gebeur. Kaiser stel die vraag of die hedendaagse publiek nog wakker geskud kan word — „mense wie se bevoegdheid tot selfbeskikking reeds lankal verby is, omdat hulle soos magtelose, noukeurige ratte in 'n uurwerk voel, waarvan die beweging onontwykbaar is, die veer se werking 'n geheim en die doel duister.“

Bepeinsing oor die omstandighede waaruit hierdie drama (en trouens die grootste deel van die moderne Europese letterkunde) ontwikkel het — nl. twee vernietigende wêreldoorloë, waarvan die gevolge deur die mens as enkeling hier te lande gelukkig nie op dieselfde wyse beleef is nie, sal die student laat waak teen pesimisme en gedagtes wat die waarde van die mens en sy roeping verontagsaam. Hy sal uiteindelik die vraag stel of wat die skrywer sê of vra werklik tot hom spreek of iets positiefs aan hom oordra.

Wanneer 'n student 'n gesonde benadering teenoor die letterkunde ontwikkel het, sal sy kennis en oordeelsvermoë van so 'n aard wees dat hy enigiets kan lees sonder om te glo dat hy hom moet vereenselwig met die gedagtes wat deur die skrywer uitgespreek of gepropageer word. In hierdie verband haal ek graag aan uit die openingsrede tydens die „Germanistentag“ (Germaniste-konferensie) in Hamburg, 1958.

„Aan die leermeester in Duits behoort die reg gegun te word om Bert Brecht of Kafka, Thomas Mann of Benn saam met die student te lees, sonder dat 'n mens sy demokratiese of Christelike gesindheid onder verdenking plaas. Net so behoort sy bemoeiing om die jeug na Goethe te voer, beskerm te word teen die aantying dat hy 'n verouderde lewensbeskouing daarop nahou.“

Word die letterkundes van ander tale nou ook bygehaal, dan verbreed dit nog

verder die studieveld. Juis omdat daar op sekere gebiede verskille is en op ander weer groot ooreenkomste, bly dit vir die persoon wat werklik belangstel 'n besonder interessante studie. In Duitsland het die studie van „Weltliteratur“ in teenstelling met slegs Duitse letterkunde, vandag in 'n soort slagspreuk ontwikkel. Per slot van sake bly dit die studie van Duitse letterkunde, net met die oog op wat op verskillende gebiede van die letterkunde ook in ander lande gebeur. Daar vind groot onderlinge beïnvloeding plaas en selfs oplossing van probleme wedersyds.

Die Suid-Afrikaanse universiteite bied aan die student in hierdie opsig groot moontlikhede, en die belangrikheid van die studie van bykomende tale en die werk wat in ander taaldepartemente gedoen word, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Na 'n beskouing van die studie van letterkunde uit verskillende gesigspunte, is dit duidelik dat opinies veral vandag baie uiteenlopend is en die daarstelling van vaste kriteria feitlik 'n onbegonne taak.

Dit is egter die voorreg van die dosent in die letterkunde om in 'n gedifferensieerde en versplinterde wêreld, deur sy inspirasie die student te lei deur al die ontwikkelinge van die letterkunde tot die moderne tyd, sodat hy 'n gesonde benadering tot die geskrewe woord kan hê wat vir hom nuwe wêreld ontsluit en hom geestelik verryk.

Meneer die Onder-kanselier, Lede van die Raad, Meneer die Dekaan,

Dit is vir my 'n besondere voorreg om vanaand teenoor u almal my dank en waardering uit te spreek oor die vertrouwe wat u in my openbaar deur my aanstelling as Hoogleraar in Duitse Taal en Letterkunde.

Graag verseker ek u dat ek ten volle bewus is van die verantwoordelikheid wat op my rus. Mag dit wat hier geleer en gedoseer word, nie net bydra tot die vermeerdering van kennis by die jeug nie, maar dien tot verdieping van die beginsels en lewensbeskouing van die Afrikaanse volk, en bo alles strek tot eer van die Skepper, van wie alle inspirasie kom.

Prof. Pelzer, u ken ek al baie jare, nie net as dekaan en kollega nie, maar ook as vriend wat steeds sover dit in u vermoë was, bereidwilligheid getoon het om probleme betreffende die Duitse Departement te help oplos. My hartlike dank daarvoor.

Graag wil ek hier met dankbaarheid die name noem van Proff. T. H. le Roux, W. P. de Villiers en L. C. Mostert — almal vroeëre leermeesters van my en aldiere persone op wie se skouers op een of ander tyd die verantwoordelikheid vir die Duitse Departement gerus het — op prof. le Roux s'n nog in sy hoedanigheid as hoof van die Dept. Moderne Tale. Wat ek by hulle geleer het, het die grondslag gevorm van die kennis wat ek in Duitsland kon verbreed en uitbou. Dit is nou my bede dat daar in die toekoms op waardige wyse ook voortgebou sal word op die goeie grondslag waarop hulle die Duitse Departement gevestig het.

Teenoor prof. Mostert 'n spesiale woord van dank en waardering vir die wyse waarop hy my aan die begin van my loopbaan aan die Universiteit van Pretoria as kollega aanvaar het. Sy lojaliteit en vriendskap stel ek hoog op prys.

#### *Das Studium der deutschen Literatur an der Universität.*

Die Methoden die angewendet werden beim Dozieren der deutschen Literatur an einer afrikaans en deutschen Universität sind verschieden. An der Universität Pretoria ist die Muttersprache 12% der deutschstudierenden Studenten Deutsch, im übrigen Afrikaans. Der deutschstudierende Student hat bereits vier Jahre Deutsch gelernt. Durch das Studium der deutschen Literatur erlebt er eine geistig-seelische Bereicherung.

Das Studium der Philosophie, Geschichte und Kunstgeschichte ist nicht nur als Horizont-erweiterung wichtig, sondern als Ergänzung des Deutschstudiums zu betrachten.

Der Dozent hat vor allem eine pädagogische Pflicht zu erfüllen: „Im Vordergrund muss die Lehre stehen.“

Die Persönlichkeit des Studenten muss sich ändern — er muss erfahren „wie weit gespannt die Wissenschaft ist“. Eine Einführung in die literaturwissenschaftliche Methodenlehre ist deshalb unentbehrlich. (Der Student muss gut unterrichtet sein mit den wichtigsten Literaturlexika, Sachwörterbüchern, Literaturgeschichten, Zeitschriften usw.)

Der Student sollte nicht nur zufrieden sein mit den Ansichten seines Dozenten — das Studium sollte ihm stets ein Aufruf zur Kritik sein.

In einer fremden Sprache ist die kurze

Wiedergabe des Inhalts eines Werkes bereits eine wichtige Übung. Hieraus entwickelt sich auf natürlicher Weise das Problem der literarischen Wertung. Die Maszstäbe die angewendet werden bei der Beurteilung eines literarischen Werkes sind verschieden. „Wertung ist aber nicht bloss Wiedergabe des subjektiven Wert-erlebnisses, sondern vielmehr eine Begründung durch die wertende Erfassung der objektiven Gegebenheit des Werkes.“ Das literarische Kunstwerk sollte stets als Gestalt-ganzes, als leib-geistige Einheit erfasst werden und die „gedankliche Auswertung mit der Form verbinden.“

Die Worte Goethes gelten auch heute noch: „Den Stoff sieht jedermann vor sich, den Gehalt findet nur, wer etwas dazutun hat, und die Form ist ein Geheimnis den meisten.“

Dadurch dass der Student in die Problematik der literarischen Wertung eingeführt wird, erlebt er wie diese Wertung sich vollzieht. In einem Drama wie Goethes „Götz von Berlichingen“ wird ihm klar dass bei der Beurteilung ausserästhetische Momente eine Rolle spielen. Die komplizierte Verflochtenheit von ästhetischen mit ausserästhetischen Wertungskategorien wird sichtbar.

In seinem Überblick über die deutsche Literatur beschränkt der Dozent sich auf die wichtigsten Schriftsteller und ihre Werke. Stets sollte er auch auf das moderne Schrifttum hinweisen. Bei den fortgeschrittenen Studenten kommt das Studium der modernen Literatur erst wirklich zu seinem Recht.

Eine Analyse der verschiedenen Gattungen der Literatur umfasst ein grosses Gebiet des Studiums — eine Einführung in diese Forschungsprobleme ist unentbehrlich.

Die Kurzgeschichte, dessen Formgesetze verhältnismässig leicht erfassbar sind, kann zum besseren Verständnis grösserer Dichtungen führen. Hier sollte vor allem beachtet werden, dass die Einheit der Dichtung vor Augen gehalten wird und die Analyse nicht zur sinnlosen Zerpfückung führt, sondern dass „Erhellung“ die Aufgabe sein sollte.

Das Studium der Kurzgeschichte führt zu anderen Gattungen der Dichtkunst — Roman und Novelle. Der Studierende informiert sich über die Entwicklung der verschiedenen Gattungen und untersucht zum Beispiel die Verwandtschaft zwischen

Novelle und Ballade, den Unterschied zwischen Novelle und Roman. Stiluntersuchungen sind in diesem Zusammenhang wertvoll. Der Student bekommt einen Einblick in das gewaltige Forschungsgebiet, u.a. in die Entwicklung und Theorien der Novelle.

Auch die Behandlung der Lyrik sollte zu seinem Recht kommen durch einen Überblick und gründliche Besprechung der grössten Lyriker des deutschen Schrifttums sowie eine Einführung in die zeitgenössische Lyrik. Wenn auch diese Lyrik als solches oft problematisch ist, schockierend durch neue Inhalte, so lockt sie durch den Reiz der Aktualität. Es entsteht die Frage ob man sich nur zur „heilen Welt“ — Carossa, Hesse, Bergengrün u.a. bekennen sollte — bejagt man Gottfried Benn? Wie steht man zu Eich, Krolow, Ingeborg Bachmann oder Brecht?

Auf dem Gebiete des Dramas ist vor allem ein eingehendes Studium der deutschen klassischen Dramen (Lessing, Goethe, Schiller u.a.) mit dem geistesgeschichtlichen und formgeschichtlichen Zusammenhang unentbehrlich.

Bei einer Analyse des modernen Dramas sind Kenntnisse der theoretischen Werke Brechts wichtig. Unkenntnis der Begriffe wie „episches Theater“, „nicht-aristotelisches Drama“ oder „V-effekt“ haben oft zur Folge dass ein Werk nicht verstanden wird.

Auch hat im zeitgenössischen Atomdrama der Heldenbegriff sich geändert. Nach der Auffassung Joachim Kaisers sollte man die Frage stellen „welche verbindlichen Entscheidungen von modernen Helden gefällt werden, oder im Zusammenhang mit ihrem Schicksal fallen können“. Im Atomdrama gehört der Held „nur zum Teil sich selbst. Ein anderer, vielleicht ebenso grosser Teil seiner selbst bleibt anonym.“

Durch eine kritische Haltung entwickelt sich das selbständige Urteilsvermögen des Studenten so dass er nicht ohne weiteres die Gedanken eines Schriftstellers akzeptiert.

Dem Dozenten sollte das Recht zugestanden werden nicht nur die Jugend zu Goethe zu führen, sondern auch moderne Schriftsteller zu besprechen ohne dass seine christliche Gesinnung verdächtigt wird, oder dass ihm vorgeworfen wird dass er eine „antiquisierte Weltanschauung“ vertritt.

Das Studium mehrerer Sprachen erweitert auch weiterhin den Blick. Die südafrikanische Universität bietet dem Studenten grosse Möglichkeiten und der Wert des Studiums mehrerer Sprachen kann nicht genügend betont werden.

Es ist das Vorrecht des Dozenten der

Literatur in einer differenzierten und zersplitterten Welt den Studenten durch seine Inspiration durch alle Gebiete der Literatur zu führen, damit er ein gesundes Urteil zum geschriebenen Wort entwickelt, welches ihm neue Welten erschliesst und ihm geistig bereichert.

---

#### BIBLIOGRAFIE.

- Caselmann, C. „Vom Abiturienten zum Studenten“, Stuttgart, Ernst Klett, 1964.
- Herbertz, H. im „Rheinischer Merkur“, 29. Oktober 1963.
- Jaspers, K. und Rossmann, K. „Die Idee der Universität“, Berlin — Göttingen — Heidelberg, 1961.
- Kainz, F. „Zur Frage der literarischen Wertung“ (Wiener Literarisches Echo, Jg. I, 1948, H.I, S. 1-3).
- Kaiser, J. „Drei Schwierigkeiten beim Schreiben des Dramas“ (Junges Deutsches Theater von heute, München, Albert Langen — Georg Müller).
- Leonhart, R. W. „Gehört H. Hesse zur deutschen Gegenwartsliteratur?“ (Zeit Nr. 33, 17. Aug. 1962).
- Meyers Handbuch über die Literatur. Mannheim, Bibliographisches Institut A.G., 1964, S. 73.
- Richter, W. „Deutsche und Angelsächsische Universitätsideale“, Bonn, 1953.
- Ross, W. „Zur Wertung moderner Lyrik.“ (Der Deutschunterricht, 1958, Heft 5).
- Schmidt, H. D. „Die Geschichte des Deutschunterrichts im Spiegel der methodischen Werke (Der Deutschunterricht, Jg. 12 — 1960 — Heft I, S. 45).
- Schneider, W. „Liebe zum deutschen Gedicht“, Freiburg<sup>2</sup> 1954.
- Seidler, H. „Die Dichtung“, Stuttgart, Alfred Kröner, 1959.
- Spoerri, T. „Die geschichtliche Aufgabe der Hochschule“, Bonn, Peter Hanstein G.m.b.H., 1952.
- Ulshöfer, F. „Wohin steuern die Richtlinien den Deutschunterricht?“ (Der Deutschunterricht, Heft I, 1964).  
„Der Deutschunterricht im Zeitalter der Demokratie.  
(Nöte, Grundlagen; Aufgaben, Probleme)“. (Der Deutschunterricht, Jg. 17, 1965), Heft 3).
- von Wiese, B. „Novelle“, Stuttgart, Metzlersche Verlagsbuchhandlung, 1963.

## **PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT.**

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte” — Dr. P. C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek” — Prof. B. F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika” — Adv. E. H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu” — Prof. J. H. v.d. Merwe.
5. “Livestock Philosophy” — Prof. J. C. Bonsma.
6. “The Interaction between Environment and Heredity” — Prof. J. C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958”.
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948” — Prof. H. J. J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld” — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die Toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte” — Prof. J. J. Matthee.
11. “The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children” — Prof. D. G. Steyn.
12. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex.” Part 1. — Dr. C. J. Liebenberg.
13. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types” — Dr. C. J. Liebenberg.
14. “Protective action of Fluorine on Teeth.” — Prof. D. G. Steyn.
15. “A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals.” — Dr. C. P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria” — Prof. D. M. Joubert
17. „Die Bestryding van Plantsiektes.” — Prof. P. M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika.” — Prof. A. J. A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria.” — Prof. A. P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap.” — Prof. E. B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk.” — Prof. D. J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie” — Prof. P. C. Snijman.
23. “Freedom — What for.” — K. A. Schrecker.
24. “Once more — Fluoridation” — Prof. D. G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde” — Prof. P. C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.” — Prof. J. A. Lombard.
27. “The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal.” — Dr. C. J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem.” — Prof. C. M. Kruger.
29. “Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies” — Prof. D. G. Steyn.
30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief” — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap”. — Prof. Anna S. Pohl.
32. “The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal” — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie.” — Prof. J. N. N. Cloete.